

# Suid-Afrika Gesien as 'n Spel van Gevare

**Groeten uit Zuid-Afrika** deur Go Verburg; G. F. Callenbach, N.V., Nijkerk, 1953. Pp. 264, f.5.80.

IN tema nog 'n apartheidsverhaal uit die buiteland en in behandeling 'n hibried: deels verhaal gebou om 'n eie stormpunt en deels verslag oor die rassetoestand in Suid-Afrika met foto's en al en met 'n waarskuwing in die voorwoord dat die gefotografeerde persone geen rol in die verhaal speel nie.

'n Mens kan dit geleentheidsboek noem wat vir voornemende emigrante in Nederland en ander belangstellendes daar in verhaalvorm basiese feite oor toestande en gesindhede in Suid-Afrika wil meedeel. Naas die gesindhede van mense in Suid-Afrika gee die boek 'n insig in die vrese en verwagtinge van 'n emigrantegesin, wie se ervaringe van voor hul vertrek tot na hul vestiging gevolg word.

Dit het bepaalde voordele dat 'n bron van inligting oor 'n land in verhaalvorm is. Want soos 'n goeie geskiedkundige roman 'n veel vollediger insig in die gemoed van 'n tyd gee as 'n historiese geskrif, so gee 'n verhaal 'n veel beter insig in die volle lewe van 'n land as 'n feiterelaas. Een stukkie goeie dialoog omvat 'n hele wêreld van verhoudinge, stemminge en gevoelens in al hul subtiliteite en fyn nuanseringe wat in bladsye en bladsye van ontleding en beskrywing uiteengesit sal moet word en dan nog onvolledig sal bly.

Eerder as om van Suid-Afrika te vertel, plaas die skrywer tablo's van Suid-Afrika voor die leser se geestesoog. Die skrywer se kennis van die land gaan klaarblyklik heelwat dieper as vlugtige toeriste-indrukke. Die natuurprag van Kaapstad, lewenskoste in die land, die legende van die ryk wolboer, die Afrikaner se beskouing oor immigrante en die wêreldmening oor Suid-Afrika, die Engelse Nederlands van die Suid-Afrikaanse Nederlander, die goedkoop, ryk en half verengelste Afrikaner, die Afrikaner se opvatting van sy eie verlede, naturelle-misdadigheid, die half ontwikkelde naturel se lomp na-aping van die blanke — alles is daar. En oor die algemeen 'n taamlik getroue beeld van die werklikheid.

En dan is daar oral en altyd, op die agtergrond en die voorgrond, die dilemma van Suid-Afrika, die probleem van die groot oorwig van half barbaarse naturelle. Dit loop soos 'n obsessie deur die verhaal en kleur byna elke daad en handeling, elke vreugde en verwagting. Hierin is die boek eensydig, want net so min as Europa weens die bedreiging van die atoombom dag en nag met swart kringe onder die oë loop, net so min leef Suid-Afrika voortdurend in skaduwee. Johannesburg is in sekere sin 'n stad van vrees, maar hy is ook 'n stad van plesier en weelde en sport en dreunende bedrywigheid en hy is ook die stad van duisende brawe gesinne wat in stil geloof en vertroue en arbeidsaamheid die dagtaak aanvaar.

Eienaardig maak die boek ondanks sy somber stof nie die geheelindruk van toenemende onheil nie. Daar is iets onwerkliks, wat gewyt moet word aan 'n ondertoon van lughartigheid. Die karakters behandel die gebeure soos 'n spel, asof hulle daarbuite staan. Hulle is nie in die boot wat op die waterval afskiet nie, maar toeriste wat na die waterval kyk en sy verskriklike moontlikhede geamuseerd opsom. In hierdie sin is dit 'n veels te ernstige woord om te sê dat die dilemma van Suid-Afrika hier behandel word.

Dit is duidelik dat die skrywer met heelwat gevoel en warmte aan Suid-Afrika dink. Hy waarsku in 'n voorwoord dat hy geen oplossing vir die vraagstukke van die land aanbied nie, want die moeilikhede is reeds deur te veel gedokter van buite onnodig op die spits gedryf. Slegs wie die land met begrip en liefde nader, mag saampraat.

Ondanks soveel goeie wil, is hierdie siening van Suid-Afrika egter nie vry van die invloed van daardie „gedokter" nie.

**H.P.S.**

## HOND KRY NUWE ORE



**DIT is nie 'n nuwe soort Spoetnikhond nie, maar Grubby, die vyftienjarige patryshond van mej. Catharine Pierce van Dallas, Texas, wat sy gehoortoestel aanpas. Grubby het doof geword toe onnutsige seuns 'n groot klapper agter hom afgeskiet het, maar nou het hy hierdie netjiese gehoortoestelletjie met elektriese battery. Sy eienares hoop dat hy sy nuwe „ore" genoeg op prys sal stel om die stelletjie nie te probeer afskud nie.** *

# Proefneming Met Styl Het Nie Geslaag Nie

**Hilaria** deur Etienne Leroux; Uitgewery Culemborg, Kaapstad, 1957.

HIERDIE roman is 'n vervolg op *Die Eerste Lewe van Colet*, waarin die jeug, veral die puberteitsjare, van 'n seun behandel word. Laasgenoemde roman eindig met die versplintering van die jeugwêreld van Colet wanneer hy by die leër aansluit. In *Hilaria* is hy 'n teruggekeerde soldaat, getroud, werksaam by 'n firma wat plastiekblindings vervaardig.

Eintlike „verhaal" bevat die boek byna nie; dis meer toegespits op die binnelewe van die mens, die wyse waarop hy reageer op die instromende sensasies, vermeng met jeugherinneringe. Ons kry wel uiterlike handelinge — die voorbereidings vir die komende advertensie-optog, Suzanne se ongeluk (Colet se moeder), Colet se liefdeslewe, ens. — maar hoofsaak bly die wyse van belewing, veral van Colet. Die werk moet dus van hier uit sy eenheid verkry, aangesien die uiterlike gebeure eintlik maar onsamehangende episodes is. Nou is die hoofkarakter ongelukkig nie duidelik genoeg om daardie eenheid aan die werk te gee nie. Hy is 'n swakkeling, byna 'n samestelling van sensasies en gewaarwordinge wat geen patroon vorm nie. Dit veroorsaak by my die suspisie dat sy dood geen noodsaaklikheid is nie, maar 'n uitweg om 'n „konklusie" te bereik wat eintlik nie die gevolg is van die gegewens van die roman self nie.

'n Mens is deesdae bly as 'n Afrikaanse skrywer probeer wegkom van die „burgerlike fatsoenlikheid" en, soos die skutblad dit uitdruk, „praat oor dinge wat in beskaafde kringe alleen op fluistertoon bespreek word." Daarom wil mens nie graag so 'n werk veroordeel nie, maar in hierdie geval meen ek dat ons van 'n mislukte poging moet praat. My grootste beswaar is teen die styl: dis 'n kombinasie van 'n soort „nuwe saaklikheid" en die „stream of consciousness"-tegniek wat vroeër in hierdie eeu deur Europese skrywers soos Proust, Joyce en Woolf aangewend (en m.i. ook uitgeput) is. Hier doen dit te opsetlik aan, sonder om te oortuig dat dit onontbeerlik is. So is die eerste gedeelte van die agtste hoofstuk bv. in die vorm van dramatiese dialoog geskryf ten spyte van die feit dat dit bloedweinig dialoog bevat. Dit begin en eindig willekeurig: daar is ander gedeeltes van die werk waar met meer regverdiging hierdie Joyce-tegniek kon gebruik word. En of mens nou ook al in die werklikheid bewus en onbewus jou sensasies en gedagtes in telegramstyl ondervind of nie, so 'n styl sonder afwisseling is uitputtend. Die sinne woerwoer ten slotte voor jou oë en selfs die sterkste prikkels lok geen reaksie uit nie: hilaria hoef nog geen koma te wees nie.

**E. LINDENBERG.**
**Johannesburg.** *

HOU OP MET HOES!

**OORTUIG USELF** van die wonderlike, strelende eienskappe van Zoomo-longmiddel. Sodra u die eerste dosis Zoomo drink, sal u voel hoe 'n gloed van genesing deur u hele bors trek.

**'N VERBASENDE SEFPLANT**
verskaf die natuurlike ekstrak wat aan Zoomo sy warm, deurdringende „inflammasiepleister"-eienskap gee—dit laat Zoomo kleef aan die ontsteekte gedeeltes van u keel en bors, en die kwaad beveg waar dit die ergste is.

**ZOOMO DRING IN**
tot heel onder waar u hoesbuie hulle oorsprong vind. Voel hoe Zoomo u keel en lugpype laat oopgaan! Voel hoe Zoomo se „inflammasiepleister" - uitwerking die geïrriteerde vleise streel.

Dring aan op die egte Zoomo-longmiddel, want net Zoomo

SIT HOES GOU-GOU STOP



ZOOMO

DIE LONG-MIDDEL MET DIE „PLEISTER-UITWERKING"

2/6d. en 4/6d. per bottel.




TREKKLAVIERE

Alle modelle beskikbaar — skryf om katalogus. Maklike afbetaling. 10% deposito; 24 Maandelikse Paaiemente.

S.A. Posbestellingsdiens Korporasie

Ons spesialiseer in Musiekinstrumente.

POSBUS 7307 · JOHANNESBURG